



Ouer wenke

Privaatheid

Hou jou lewe op en van die internet af so privaat as moontlik.

Privaatheid instellings op alle Toeps – (Google as jy nie weet hoe nie).

Publikasie

Vir iets om geag te word as "gepubliseer" moet net een ander persoon dit sien.

Ons behandel alles wat geag word as "gepubliseer" soos 'n artikel op die voorblad van 'n koerant.

Ouderdomsbeperkings

Meeste Toeps en speletjies se ouderdomsbepanking is 13, onthou die brein is eers ten volle ontwikkel op 25!

Kontraktuele toerekeningsvatbaarheid

Begin eers op 18, ouers raak verantwoordelik vir kinders se inhoud aanlyn.

Kriminele toerekeningsvatbaarheid

Vol krimineel toerekeningsvatbaar vanaf 14, maar dit mag dalk van 12 af wees.

Siviele toerekeningsvatbaarheid

Kinders kan gedagvaar word saam ouers vanaf 7 jaar oud.

Kinders kan in hul eie naam gedagvaar word vanaf 11 jaar oud.

Die Toepe/ Apps bronne:

- <https://www.commonsensemedia.org/>
- <https://beintouch.org.za/>
- <https://www.internetmatters.org/>
- <https://raisewildflowers.com/>
- <https://www.childnet.com/>
- https://beinternetawesome.withgoogle.com/en_za/families
- Officer Gomez – Facebook - <https://www.facebook.com/deputygomez/>
- Family I.T. Guy – Facebook
- Nate Webb – Facebook
- Scrolling 2 Death – Facebook & Instagram
- AI inligting: <https://www.commonsensemedia.org/ai-ratings/ai-risk-assessments>
<https://www.commonsensemedia.org/ai>
<https://www.commonsense.org/two-truths-and-ai>
- The Diary of a CEO – Steve Bertlett podcast saam Mo Gawdat: <https://www.facebook.com/share/v/1EHEQBhfXD/>

Filtrerings sagteware:

- Apple Screen Time (verniet)
- Google Family Link (verniet)
- OurPact
- NetNanny
- Qustodio
- Bark
- Kaspersky

Aanlyn speletjies

Nie kommerwekkend nie maar steeds gevaarlik as dit saam vreemdelinge gespeel word:

Apex Legends, Plants v Zombies, Overwatch 2, Among Us Rooivaggies:

Roblox:

- <https://think.revealingreality.co.uk/roblox-real-guide>
- <https://connectsafely.org/roblox/>
- <https://www.internetmatters.org/advice/apps-and-platforms/online-gaming/roblox/>

Call of Duty:

- <https://www.internetmatters.org/advice/apps-and-platforms/online-gaming/call-of-duty/>
- <https://www.smartsocial.com/post/call-of-duty-mobile>

Minecraft:

- <https://www.minecraft.net/en-us/article/parents--guide-minecraft>

Fortnite

- <https://www.brinscall.lancs.sch.uk/assets/Files/Uploads/Fortnite-Safety-Tips-For-Parents.pdf>

Selfoonvrye skole:

- Smartphone Free Childhood - <https://www.sfc-sa.co.za/>

VOORDELE:

- AKADEMIES

- ✓ Beter konsentrasie en beter punte
- ✓ Meer beheer in die klaskamer want onnies hoef nie vir jou aandag te baklei nie
- ✓ Help om meer krities te dink want daar is geen ander afleidings nie

- GEESTESGESONDHEID

- ✓ Verminderde angs en stres – jy mis nie uit om aanlyn te wees nie want niemand anders is nie
- ✓ Sterker sosiale bande met vriende – want julle gesels en sien mekaar se gesigte
- ✓ Verminderde kuberboeliery – tydens skool ure is daar basies geen kuberboeliery nie
- MEER FISIESE AKTIWITEITE
- ✓ Leerders word blootgestel aan ander aktiwiteite om hul besig te hou
- ✓ Leerders leer om meer onafhanklik te wees en nie dadelik ouers/ boetie of sussie te kontak nie
- ✓ Die terrein is weer vol lewe! Almal gesels en scroll nie net nie!
- ✓ Meer tyd vir vriende om in die oomblik te wees en om te fokus op jou toekoms

Algemene wenke:

- Wees bewus van die Toeps wat jou kind gebruik, doen die navorsing!
- Praat oor die Toeps en speletjies en die gevare daarvan, raak deel daarvan en leer saam met hulle en wees realisties wanneer julle iets aan hulle verduidelik. Speel ook saam hulle die aanlyn speletjies om speletyd te reguleer en bewus te wees van alles in die speletjie.
- Gee vir kinders die vertroue en vrymoedigheid om na jou toe te kom as iets skeef loop – “as iets gebeur kan jy na my toe kom, jy is nie in die moeilikheid nie en niks sal gebeur met jou nie, ek wil net help”, amper soos ‘n “golden ticket” of “get out of jail free” kaart.

- Skermtyd voor slaaptyd en voor eksamen tyd moet vermy word – Blou lig en melatonien is nie maats nie! (Dit geld vir groot mense ook).
- As jou kind met sy/haar foon kamer toe gaan in die aand is hulle tien teen een besig om met hul maats te gesels, speletjies te speel, of nog erger – pornografie te kyk of hulle word blootgestel daaraan. Die gemiddelde ouderdom wat 'n kind in SA aan pornografie blootgestel word is 7 jaar oud.
- So, hou die foon uit die kamer uit in die aand – koop maar die R100 alarmpie by die winkel en gebruik dit langs hul bed.
- GEEN KAAL / BIKINI / ONDERKLERE FOTOS NIE!!!!
- Hou WhatsApp groepe dop ten alle tye, kyk na die inhoud en praat daaroor as iets nie reg lyk of voel nie.
- Kyk uit vir snaakse gedrag – jou kind mag dalk geboelie word of dit kan die aanlyn speletjies en min slaap wees wat dit veroorsaak – teruggetrokkenheid, kort humeur, geen belangstelling in enige iets nie, ekstreme emosies of uitbarstings, geheimsinnigheid, op sy/ haar senuwees en angstigheid.

"In a world where you can be anything, be kind, always" - Anoniem

Kontakbesonderhede:

Sel – 083 565 5683

E-pos – carla@socialsaam.co.za